Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za
Tel. 079 752 4898
Nr 2287 10 November 2026

Spesiale Verkiesingsuitgawe

Plaaslike Regeringsverkiesings 2026:

Nou gaan die politieke prostitusie begin

Die plaaslike regeringsverkiesings is iets van die verlede, en die grootste magsblok was die wegblystem, wat die grootste denkbare protesstem is teen een en elk van die deelnemende partye, en wat weer eens ‘n vraagteken plaas oor die wettigheid van die bestel, sy stelsels en die hoog geprysde “demokrasie”.

Die verlies aan steun vir die ANC, het ook die mite die nek ingeslaan dat ‘n wegblystem eintlik ‘n stem vir die ANC is. Hierdie valse argument kan nou vir eens en vir altyd begrawe word.

Statistieke SA se jongste bevolkingsraming vir Junie 2026, plaas Suid-Afrika se totale bevolking op 63,52 miljoen. Die ouderdomstabel maak ruimte daarvoor om die bevolking van 18 jaar en ouer, dus moontlike stemgeregtigdes, op ongeveer 43,9 miljoen te raam.

Volgens die OVK was daar sowat 29,2 miljoen geregistreerde kiesers. Daarvan het slegs 14,9 miljoen wel gaan stem. Alhoewel die OVK die stempersentasie as 52% aangedui het, is die werklike stempersentasie van stemgeregtigde volwassenes slegs 34%. Dit beteken dus dat 66% van die volwasse stemgeregtigdes hulle protes laat hoor het deur nie te stem nie.

Dan moet daarby ook die 558 578 bedorwe stembriewe (een uit elke 54 stemme uitgebring was bedorwe) gevoeg word, wat 1,84% van die geregistreerde kiesers uitmaak. Dit beteken dat in totaal meer as 67% van die stemgeregtigde kiesers hulle misnoeë teen die bestel te kenne gegee het.

As die 66% stemgeregtigdes wat nie gestem het nie in ag geneem word, lyk die uiteindelike uitslag van die partye so: die ANC het nie 30,76% van die volwasse bevolking se steun gehad nie, maar ongeveer 20,9%; die DA se steun verteenwoordig ongeveer 16,7% van die volwasse bevolking, en die VF Plus 2,03%. Die sewe grootste partye saam verteenwoordig ongeveer 57,5% van die stemgeregtigde bevolking.

Partye se vertoning

As gekyk word na die sewe grootste partye se vertoning, is die prentjie interessant.

Die ANC het ongeveer 1,53 miljoen stemme minder as in 2021 gekry. Sy persentasie het van 45,59% tot 30,76% gedaal. Dit is duidelik dat hierdie voormalige terroriste-beweging se kersie besig is om uit te brand.



Die DA het meer as 2,27 miljoen stemme bygekry. Sy persentasie het van 21,66% tot 24,64% gestyg. Daar word egter algemeen geglo dat hy sy plafon van ongeveer 25% bereik het.



Die nuwe MK-party het byna 2,92 miljoen stemme gekry. Dit is 'n belangrike nuwe faktor in die politieke landskap. Waarskynlik is baie ANC-stemme na die Zuma-party as gevolg van die vete tussen Zuma en Ramaphosa.



Die EFF het ongeveer 567 000 stemme verloor. Sy steun het van 10,31% tot 6,22% gedaal. Ook hy het waarskynlik steun aan Zuma se party afgestaan.



ActionSA het sy stemtal meer as verdriedubbel en hy gooi daarmee reeds sy gewig rond in moontlike koalisievorming in Pretoria en Johannesburg.



Die IFP se stemtal het effens toegeneem, hoewel sy persentasie van die totale stemme gedaal het.



Die VF Plus het ongeveer 340 000 stemme bygekry en sy persentasie van 2,34% tot 2,99% verhoog. Sy uitreik na “ander gemeenskappe” gaan ongetwyfeld sy karakter verander.

Een van die VF Plus se voormalige dog kritiese ondersteuners en oud KP-LV, Koos Botha, skryf op sy Facebook: “Ek kyk na die verkiesingsuitslae en wonder tog: die VF+ het sy vlerke gesprei en, soos prof. Koos Malan tereg aandui, die plek van die oorlede NP probeer volstaan en tog was sy groei minder as wat ek verwag het. Wat wel duidelik blyk is dat die Zulu’s en die Kapenaars hul kloue in die grond geslaan het: vol punte aan hulle. Corné en sy koalisiepolitiek sal uiteindelik by die DA tot sy reg kom.

“Wat ons kort is ‘n party wat onomwonde die Afrikaner en Blanke as vertrekpunt het. Dit is hulle regte wat bedreig word, nie die van die nuwe vondelinge in die Vryheidsfront+ nie.

“Wat ons nodig het is ‘n Party wat hom onbeskaamd daarvoor beywer. Die VF+ het hom ongelukkig hi-

ervan vervreem deur die DA te probeer oorbie. Jammer VF+ maar u het u eie grafskrif geskryf, dit lui soos volg: ‘Hier lê die VF+ skoon poegaai, hy het regs gewys maar links gedraai’”.

Die SACP is een van die interessantste gevalle om van naderby te beskou. Die party het in 2026 vir die eerste keer as 'n selfstandige verkiesingsdeelnemer opgetree, eerder as om hoofsaaklik deur die ANC-alliansie verteenwoordig te word. Die SACP het 709 118 stemme, oftewel 2,38% gekry en beter gevaar as wat aanvanklik verwag is. Hierdie stemme kom grootliks van die ANC af.

Die finale uitslae toon dat die kleiner partye en onafhanklikes gesamentlik 22,97% van die stemme ontvang het. Dit is 'n aansienlike deel van die totale stemme. Ook hier het baie voormalige ANC-stemme hulle heenkome gevind.

Die groot vraag is dus: Het Suid-Afrika se kiesers werklik van die ANC weggedraai, of het die ANC-alliansie se tradisionele ondersteuningsbasis bloot in verskillende politieke rigtings begin verdeel? Dit is twee verwante, maar nie identiese verskynsels nie. Alhoewel beide die DA en VF Plus aanspraak maak op groei uit die swart gemeenskap, is dit nie so dinamies nie.

Daar moet onthou word dat die ANC, MK, EFF en van die ander partytjies eens een was, gegrond op dieselfde ideologie, gebaseer op die *Freedom Charter*. Dit het nie verander nie, en kan waarskynlik weer daartoe lei dat die sterk pro-swart-partye mekaar weer sal opsoek. Die feit dat Herman Mashaba van ActionSA reeds bereid is om met die EFF en MK saam te werk, net om Helen Zille uit die Johannesburgse burgemeesterspos te hou, is ‘n klinkklare aanduiding daarvan.

VF Plus

Die VF Plus het wel gegroei en het stemme uit nie-Afrikanergemeenskappe getrek. Hoeveel dit is, is moeilik om te bepaal.

Die Afrikaner het ‘n ondersoek gedoen na VF Plus se vertoning in die “Tshwane”-metroraad, wat Pretoria insluit, maar ook die tradisionele nie-Blanke gebiede daaromheen. Ons sal bly verwys na Pretoria in hierdie artikel.

VF Plus het onder leiding van Willie Spies as burgemeesterskandidaat vir Pretoria wel 15 700 stemme méér gekry as in 2021, maar die opkoms van kiesers was hoër as in 2021, met gevolg dat VF Plus se steun persentasiegewys gedaal het van 8,0% in 2021 tot 7,7% in 2026.

Die ondersoek in 48 wyke van Atteridgeville en omgewing, Mamelodi, Hammanskraal/Temba, Winterveld en Soshanguve en omgewing, het getoon dat die VF Plus daar 4 425 stemme gekry het, wat 1,24% van die stemme verteenwoordig.

In 2021 het die VF Plus, sonder noemenswaardige veldtogwerk in Mamelodi, hier en daar enkele stemme gekry. In 2026 het die party doelbewus daar gewerk, maar die uitslag toon steeds nie 'n betekenisvolle deurbraak nie.

Die 2026-syfer van 1 241 stemme in die dertien Mamelodi-wyke is nie niks nie. Maar teenoor die 89 939 geldige wyksstemme verteenwoordig dit slegs 1,38%.


Daarteenoor het die party in drie tradisionele Afrikanerwyke nl. Waverley/Villeria, Rietfontein/Gezina en Wonderboom-Suid/Mayville 7 359 stemme behaal, wat 26,3% van die stemme is.

Dit beteken dat ten spyte van sy groei, hy nie kon deurbreek in die swart en bruin gemeenskappe nie, en ook nie werklik in die ou Afrikanervestings nie, want die DA het daar steeds baie beter gedoen.

Met hierdie uitslag kan die VF Plus nie tot die DA se redding kom om die beheer van Pretoria by die ANC-ActionSA-koalisie af te neem nie.

Wat ook interessant is, is dat VF Plus geen enkele wyk kon wen nie. Ten spyte van sy groei in stemmetal, hou hy net die 17 proporsionele setels wat hy gehad het en verander daar dus nie wesenlik aan sy status nie.

Orania



In Orania het daar twee afsonderlike verkiesingsprosesse plaasgevind wat nie met mekaar verwar moet word nie.

Die belangrikste onderskeid is dat Orania sy eie Verteenwoordigende Raad (OVR) verkies het, eerder as om aan die gewone munisipale verkiesing van Thembelihle deel te neem.

Dit was ook die eerste OVR-verkiesing ingevolge die nuwe grondwet wat op 13 Augustus 2026 in werking getree het.

Die nuwe OVR-grondwet maak voorsiening vir twee komponente:

- **Burgerraad**: Agt stemgeregtigde lede wat deur die inwoners verkies word.
- **Gebiedsraad**: Verteenwoordiging van die verskillende federale grondgebiede.

Die Burgerraad se setels word op 'n rotasiebasis verkies. Die nuwe bedeling beoog dus 'n meer gevestigde vorm van burger- én gebiedsverteenwoordiging.

Alle kandidate het as onafhanklikes gestaan, sonder politieke partye.

Die agt Burgerraadslede wat verkies is uit die 12 kandidate, is Fanus Becker, Pieter Bisschoff, dr Carel Boshoff, Frans de Klerk, Riaan Jacobs, Jacobus le Grange, Janneman Roux en Annamarie van der Merwe.

Daar was ook 'n OVK-stemlokaal by Vluytjeskraal. Die gerapporteerde uitslag was:

Party	Stemme
VF Plus	204
DA	23
PA	1
EFF	1
Ongeldig	4

Chaos met stemmery

Soos te verwagte was, het die hele verkiesing ook sy kwota onreëlmatighede opgelewer, en wat ‘n vraagteken plaas oor die “vry en regverdigheid” daarvan.

Spesiale stemdae: 2 en 3 November

2 November – Kaapstad: 217 stemlokale open laat as gevolg van een van die grootste administratiewe probleme.

Altesaam 217 stemlokale in die Kaapse Metropool kon nie om 08:00 open nie omdat stembriewe nie betyds afgelewer is nie. Die OVK het die probleem aan vertragings met die druk en herdruk van stembriewe toegeskryf. Die herdruk was nodig nadat die Konstitusionele Hof beslis het dat die ANC se 181 kandidate op die stembriewe toegelaat moes word. Volgens die OVK moes ongeveer 33 miljoen stembriewe herdruk word. Hoe dit net Kaapstad geraak het, is ‘n raaisel wat die OVK nie kon verduidelik nie. Sommige stemlokale het eers omstreeks 10:30 begin funksioneer. Daar was ook berigte van lokale wat nog later oopgemaak het. Dit het veral bejaarde en siek kiesers geraak wat reeds vroeg opgedaag het om te stem.

By die Amahlongwa-gemeenskapsaal in die Umdoni-munisipaliteit is daar tydens 'n inbraak stemkaste, stemhokkies en ander verkiesingsmateriaal gesteel. Volgens die OVK se “versekering” is geen stembriewe gesteel nie. Die spesiale stemproses kon voortgaan nadat vervangingsmateriaal beskikbaar gestel is. 'n Polisiesaak is geopen.

Die OVK in Natal het ook probleme met die tydige aankoms van polisielede ondervind. 'n Aantal stemlokale in Durban het nie presies om 08:00 oopgemaak nie omdat die polisiebegeleiding vir verkiesingsbeamptes laat opgedaag het.

By Lamontville het 'n grondeienaar aanvanklik toegang tot 'n stemlokaal geweier, en die polisie moes ingeroep word.

Reën en swak padtoestande het ook die huisbesoeke aan spesiale kiesers bemoeilik.

In Natal is 'n voorsittende beampte se dienste summier beëindig nadat sy verkiesingsmateriaal in 'n e-handelsvoertuig laat vervoer het wat met ANC-kleure en -kentekens gemerk was. Die OVK het die voorval as 'n “ernstige probleem” beskou aangesien die onpartydigheid van verkiesingsbeamptes en die vervoer van sensitiewe materiaal belangrike vereistes is.

By die Dassenhoek-biblioteek se satellietopbergingsfasiliteit in Mariannhill, wes van Durban, het 'n groep mense wat politieke party kleredrag gedra het, die perseel binnegegaan. Hulle het geëis dat die stemkaste met spesiale stemme na 'n ander plek verskuif word. Hulle het beweer dat die gebou nie veilig was nie omdat daar voorheen ingebreek is. Hulle het verkiesingsbeamptes verhinder om vrylik in en uit die fasiliteit te beweeg, beamptes is in die gebou feitlik as gyselaars aangehou, en die polisie se Openbare Orde-eenheid is ontbied om die situasie te ontlont. Die inmenging het twee stemlokale geraak.

Die OVK het aanvanklik die groep as vermeende MK-party-ondersteuners beskryf. Die party het egter enige betrokkenheid ontken en die voorval veroordeel. Die OVK het self gesê dat die persone se werklike politieke verbintenis nog ondersoek moes word.

Soortgelyke pogings om toegang tot verkiesingsmateriaal te verkry, is by Richmond, Mkhambathini en Pietermaritzburg aangemeld. Die polisie het daar verhoed dat die groepe die fasiliteite binnekom.

Op die vooraand van die verkiesing, op 3 November, het luitenant-generaal Tebello Mosikili van NatJOINTS bekend gemaak dat daar reeds 21 polisiedossiere oor voorvalle tydens die spesiale stemperiode geopen is.

Ses verdagtes is in hegtenis geneem en vyf van die sake was reeds na die howe verwys. Die voorvalle sluit in:

Plek	**Voorval**
Ingcobo, Oos-Kaap	Twee persone is gearresteer nadat hulle hulle glo as OVK-amptenare voorgedoen het.
Mmametlake, Oos-Transvaal	'n Persoon is gearresteer weens die vernietiging van verkiesingsmateriaal.
Pienaar, Oos-Transvaal	'n Persoon is gearresteer weens kwaadwillige saakbeskadiging.
Christiana, Wes-Transvaal	'n Persoon is gearresteer nadat hy 'n foto van sy stembrief geneem het.

Die 21 sake het ook diefstal van politieke baniere en tente, die verwydering en beskadiging van plakkate, brandstigting en intimidasie ingesluit.

Mosikili het ook verwys na die moord op 'n MK-party se streekleier in Natal. Die politieke moordtaakspan was met die ondersoek gemoeid.

Verkiesingsdag: 4 November



Volgens die OVK se nasionale verklaring het 98% van die land se 23 696 stemlokale reeds om 07:00 oopgemaak. Die oorblywende probleme het hoofsaaklik verband gehou met plaaslike protesoptrede, toegangsprobleme en swaar reën. Enkele stemlokale het eers teen 09:00 oopgemaak het. Sommige stembriewe is ook eers kort ná die aanvang van die stemming afgelewer.

In Natal was die probleme besonder duidelik:

- Vyftig stemlokale in Durban het ongeveer 'n uur laat oopgemaak weens vertragings met die aflewering van verkiesingsmateriaal.
- Twee stemlokale in Ulundi het ook ongeveer 'n uur laat oopgemaak.
- Twee stemlokale in die Umzumbe-munisipaliteit kon aanvanklik glad nie bereik word nie omdat swaar reën paaie weggespoel het. Die SANW en polisie is betrek om toegang moontlik te maak.

Die OVK het onderneem dat kiesers wat reeds in die tou was, toegelaat sou word om te stem.

By die Mnyameni Secondary School in wyk 2 van Durban is daar gedurende die nag van 3 op 4 November ongebruikte, ongemerkte stembriewe gesteel, asook die amptelike veiligheidsstempel waarmee stembriewe gewaarmerk word. Die OVK het 'n saak by die polisie geopen en die betrokke personeel van hulle pligte onthef.

Die veiligheidsrisiko was dat iemand die gesteelde stembriewe moontlik later kon probeer inbring.

Die EFF in Nkomazi het beweer dat hulle vroeg op 4 November stemkaste by 'n OVK-opbergingsfasiliteit in wyk 29, Buffelspruit, aangetref het waarvan die seëls gebreek en die kleefband verwyder was. Die party het die OVK daarvan beskuldig dat hy nie die stemkaste behoorlik beveilig het nie. Daar was ook 'n formele EFF-klag oor die hantering en verseëling van stemkaste in Nelspruit.

Volgens die SABC het die OVK stemkaste van twee stemlokale in Matsulu, oos van Mbombela, in kwarantyn geplaas. Die stemlokale was Enzani Primary School en Matsulu Primary School. Daar was bewerings dat politieke partyverteenwoordigers met die stemkaste gepeuter het.

In Noord-Transvaal het 'n voorval by die Tingitsi-stemlokaal in Tzaneen tot twee arrestasies gelei. 'n Stemkas is met 'n gat daarin aangetref, wat die vermoede laat ontstaan het dat daar moontlik met die kas gepeuter is. Die OVK het besluit om die stemkas te verseël en in kwarantyn te plaas. Twee mans het daarna glo by die OVK-kantoor in Tzaneen opgedaag en geëis dat die stemkas in hulle teenwoordigheid oopgemaak en getel word. Hulle het na bewering ander persone gemobiliseer en die plaaslike verkiesingsbestuurder geïntimideer. Die twee mans is gearresteer vir intimidasie en inmenging.

In 'n afsonderlike voorval is 'n 35-jarige man in Giyani gearresteer omdat hy na bewering 'n foto van sy gemerkte stembrief geneem het. Dit is ingevolge die verkiesingsregulasies verbode, aangesien dit die geheimhouding van die stemproses kan ondermyn.

By die Montclair Senior Primary School in Durban is 'n beskadigde, verseëlde stemkas aangemeld. 'n Video wat op sosiale media versprei is, het 'n stemkas getoon met 'n opening aan die kant wat groot genoeg was vir 'n hand om daardeur te gaan. Die bewering was dat dit die stemkas was wat op 3 November vir spesiale stemme gebruik is. Die OVK in Natal het bevestig dat 'n klagte oor die voorval ontvang is.

Die EFF het ná die verkiesing beweer dat daar by die Nomandamba-stemdistrik in Intsika Yethu in die Oos-Kaap onreëlmatighede met spesiale stemme was. Volgens die party se weergawe was daar sprake van 'n oopgemaakte stemkas en ontbrekende stembriewe. Die party het aangedui dat hy 'n strafsaak wou open.

Die tel van stemme en vervoer van stemkaste



By die Jabulani Community Hall in wyk 3 van die Siyancuma-munisipaliteit in Douglas, Noord-Kaap, het 'n groep persone ná sluiting van die stemlokaal die perseel binnegegaan terwyl die voorbereiding vir die telling plaasgevind het. Hulle het die telproses ontwrig, stembriewe opgeskeur en verkiesingsmateriaal beskadig. Minstens 100 stembriewe is beskadig. Daar was ongeveer 1 300 stemme by die betrokke stemlokaal uitgebring. Die omvang van die skade is dus nie gering nie.

Op 8 November het OVK-voorsitter, Mosotho Moepya, aangekondig dat 'n herstemming by Jabulani Community Hall gelas word omdat die stembriewe vernietig is voordat hulle getel kon word.

Die OVK het ook die Verkiesingshof genader en 'n strafsaak by die polisie geopen.

Op 10 November het tien beskuldigdes in die Douglas-landdroshof verskyn. Hulle word aangekla van onder meer die beskadiging of vernietiging van verkiesingsmateriaal en die belemmering van OVK-amptenare.

Die OVK se provinsiale woordvoerder het op 7 November 'n aantal probleme in Oos-Transvaal bevestig.

Dit het die volgende ingesluit:

Plek	**Aangemelde probleem**
Nkomazi	Bewerings van peutery met stemkaste.
Nelspruit	Bewerings van onreëlmatige hantering en verseëling van stemkaste.
Steve Tshwete	Bewerings van peutery met stemkaste.
Thaba Chweu	Stemme moes hertel word.
Nelspruit	Stemme is afgesonder en daarna volgens 'n geval-tot-geval-proses hertel.

Daar was ook administratiewe foute:

- Versoening van stemgetalle het nie gebalanseer nie.
- Uitslaestrokies is verkeerd ingevul.
- Stembriewe vir wyk 11 is verkeerdelik by wyk 10 afgelewer en gedeeltelik gebruik.
- 'n Voorsittende beampte is van diens onthef weens 'n beweerde ernstige oortreding van verkiesingsprosedures.

Die OVK het gesê dat interne ondersoeke nog aan die gang is.

Daar is ook 'n paar kwessies rondom die vervoer en bewaring van verkiesingsmateriaal.

In Oos-Transvaal het 'n OVK-werknemer op 2 November 'n voertuigongeluk gehad terwyl hy verkiesingsmateriaal na stemlokale vervoer het.

In Rustenburg is daar 'n video versprei waarin OVK-amptenare in 'n motor met 'n verseëlde stemkas gesien is. Dit is op sosiale media as bewys van beweerde stemmanipulasie aangebied.

Probleme met waarneming en toegang tot die telproses

Op 5 November het die OVK bekend gemaak dat hy reeds meer as 800 klagtes ontvang het. Die meeste het betrekking gehad op bewerings dat verkiesingsbeamptes partyverteenwoordigers verhinder het om die stem- en telproses waar te neem. Teen daardie stadium was ongeveer 106 klagtes nog onafgehandel.

Ten spyte van al die voorvalle, is die verkiesing steeds “vry en regverdig” verklaar.

Politieke prostitusie, die RNE en die ANC

Al is dit duidelik dat die wegblystem die grootste wenner was, gaan partye voort asof hulle die steun van alle steun het.

Nou begin die proses van politieke prostitusie, waar politieke partye nou moet besluit met wie hulle in die politieke bed wil spring en teen watter prys. Van die partye het al met mekaar begin onderhandel vir magsposisies en poste in ‘n koalisie. Die meeste politieke partye het al aangedui dat hulle dié politieke bed graag wil deel en dat hulle kans sien vir koalisies met omtrent almal, insluitend die ANC wat die land in hierdie toestand van verval en ellende laat beland het.

Cyril Ramaphosa het ‘n beroep gedoen dat daar “volwasse onderhandel moet word” en dat dit nie moet gaan oor mag en posisies nie. Maar hy staan self agter die deur.

Na die 2024-algemene verkiesing, het hy net 40% van die stemme gekry, maar so geknoei dat hy 60% seggenskap het in die koalisieregering wat misleidend gedoop is “Regering van Nasionale Eenheid”. Dit was geen onderhandeling nie maar ‘n boelie-taktiek van Ramaphosa, en waarmee die deelnemende partye soos die DA, VF Plus, IVP en andere, hom laat wegkom het.

Die enigste voordeel dat plaaslike regeringsverkiesings op partypolitieke basis beveg is, is dat die landsburgers kan sien hoe dit nou, twee jaar later, werklik staan met die steun wat partye kry. Nou staan die ANC nog byna 10% laer as daardie tyd.

In plaas daarvan om die ANC te red deur in koalisies met hom te gaan op plaaslike regeringsvlak, sou dit nou die regte tyd wees vir die vennote van die koalisieregering om die finale spyker in die doodskis van die korrupte ANC te slaan, deur hulle uit die sogenaamde RNE te onttrek en ‘n mosie van wantroue teen Ramaphosa in te stel, tensy hy sy kabinet verklein, en die koalisievennote 60% van die seggenskap gee en sy eie party se invloed tot maksimum 40% beperk.

Of die opposisiepartye kans sien vir so ‘n konfrontasie, word egter betwyfel. Die koalisiegesprekke van plaaslike verkiesings, word nou op nasionale vlak gevoer, wat beteken nog meer sentralisasie van mag van bo af en feitlik geen seggenskap op grondvlak, waar omstandighede anders mag wees. Aangesien die koalisiegesprekke op die hoogste vlakke aan plaasvind, gaan daar maar weer toegewings gemaak word, eerder as om eise te stel. Die ANC is nie meer by mag om eise te stel nie, want hy verteenwoordig nouliks 20% van die stemgeregtigde bevolking.

Wat gaan dus wesenlik verander? Waarskynlik niks.

(Die volgende uitgawe van ***Die Afrikaner*** sal oor twee weke verskyn, wanneer daar duidelikheid is oor wie in wie se politieke bed gaan rondrol as die koalisiegesprekke afgehandel is. Ons sal dan die koalisies ontleed, en sal dit weer ‘n normale uitgawe wees met sy gebruiklike bydraes. **Red.**)

“Sy doodkry was (nog steeds) nie”



’n Stel van **8 DVD’s** (ook op ’n geheuestokkie)
oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope
50 jaar en die rol van die HNP om die
oorgawe aan die ANC te probeer keer.
Die vertellings word gestaaf deur
unieke foto- en lewendige video-materiaal
uit dié era.

R800 per stel van 8 DVD’s
(netjies verpak) of ’n geheuestokkie.

Die Afrikaner

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898



Redakteur: Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

Medewerkers:
Mnr. Andries Breytenbach
Mnr. Hermanus van der Schyff
Mnr. Rudolf Buitendach
Mnr. Meinhard Peters
Mev. Alet Murray
Dr. Gideon Grobler

Uitleg en tegniese versorging: Mev. Juanita Powroznik